**<u>Jou tiende…</u>**

‘n tiende vir jou bediende,
‘n tiende vir die bysiende,
‘n tiende vir die vriende,
‘n tiende saam met die gesiene.

Jou bediende werk op masjiene,
dit reën ook vir die bysiende,
gister is ander vriende,
Is jy die verdiende onder die gesiene?

Gee met jou leegste hand,
Kou met jou seerste tand,
Betaal met jou blinkste rand.
allesins kan ons dit tog verpand!

rand na rand, hand na hand;
gee dit wat jy nie sien met jou tand,
gee dit wat jou hand nie verstaan,
gee dit nou en nie môre aand!

Copyright© 2005.03.12